

Hoofstuk van die dag: 1 Konings 18

> *Toe Agab vir Elia sien, sê Agab vir hom: “Is dit jy, die een wat Israel in die ongeluk stort?” (vers 17, 2020-vertaling)*

Agab reageer tipies menslik. Die droogte is Elia se skuld, sê hy. Ons is nie geneig om die oorsaak vir ons ellende in

onsself en ons optrede te soek nie. Dis baie makliker om die vinger te wys.
Dié toneel speel af binne ’n groter konteks van die stryd om die hart van die volk, met die vraag: Wie is waarlik God? Jahwe, of Baäl, die god van reën en donderweer? Dit is hoekom Elia die Baälpriesters en die hele volk na Karmelberg laat kom. Die volk moes kies tussen die Here en Baäl, maar hulle swyg (vers 21). Stilbly is natuurlik ook ’n antwoord. Die invloed van Isebel se Baäldiens het deurgewerk tot by die hele volk.
Die stryd is nogal ongelyk. Elia teen 450 Baälprofete. En tog druk Elia deur, want die voorafgaande gebeure (die droogte, die kraaie, die weduwee) het hom geleer dat hy God kan vertrou. Soos Dawid in 2 Sam 22:30 bely het: “Met u hulp loop ek ’n oormag storm, met my God by my is geen stadsmuur vir my te hoog nie.”
En jy? Vertrou jý die Here onvoorwaardelik?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026